



WETENSKAPLIKE BYDRAES VAN DIE PU VIR CHO
Reeks H: Intreerede nr. 110

**UITDAGINGS VIR DIE
MAATSKAPLIKEWERK-PROFESSIE
IN DIE NEGENTIGERJARE**

Prof. G.J. Kotze

Intreerede op 25 September 1987

Departement Sentrale Publikasies
Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys
Potchefstroom
1987

UITDAGINGS VIR DIE MAATSKAPLIKEWERK-PROFESSIE IN DIE NEGENTIGERJARE

25 SEPTEMBER 1987

Meneer die Vise-Kanselier, prof. Van der Walt, mnr. die Registrateur, prof. Scott, mnr. die Dekaan van die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte, prof. Gouws, belangstellende Dames en Here,

Vergun my ter aanvang enkele kort woorde van dank aan 'n paar persone en instansies wat my ná aan die hart lê:

Eerstens moet ek bely dat my lewe nutteloos en my voortbestaan doelloos sou wees sonder die troue leiding en bewaring van die allerhoogste God. Aan Hom alle dank en alle eer in die eerste plek.

Tweedens is dit vir my 'n groot eer om in diens te staan van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys. Die Universiteit het dit nie alleen vir my moontlik gemaak om hierdie baie besondere posisie te beklee nie, maar skeep ook elke dag vir my talryke geleenthede om my ten volle in my vakrigting, en binne 'n Christelik-wetenskaplike milieu, uit te leef.

In die *derde plek* is ek opreg dankbaar teenoor die Dekaan, die Adjunk-Dekaan en elke ander lid van die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte. My ervaring die afgelope twintig maande in Fakulteitsgeledere was een van respek, begrip, vriendskap en stimulering. Dit is voorwaar 'n voorreg om lid te wees van hierdie, die grootste fakulteit van ons Universiteit.

Ten slotte is daar soveel dankbaarheid teenoor almal wat 'n vormende invloed op my lewe gehad het. Ek dink in die eerste plek aan die rol wat my ouers gespeel het, en ek voel besonder geëerd dat my moeder ook hierdie plegtigheid vanaand kan bywoon. Daar is egter ook andere, soos my eie gesinslede, voortrefflike leermeesters wat ek gehad het, soos prof. Jan de Villiers, my vorige Departementshoof wat spesiaal vanaf Stellenbosch hierheen gereis het, ander kollegas en troue vriende oor die jare heen. Aan hulle almal, elke individu in die besonder, dra ek graag vanaand my gewaardeerde en opregte dank oor.

INLEIDING

Meneer die Vise-Kanselier, vir verantwoordelike lede van die samelewing wat gewillig is om sonder die spreekwoordelike oogklappe deur die lewe te gaan, behoort dit nie moeilik te wees om uitdagings raak te sien waarvoor die maatskaplikewerk-professie in die onmiddellike toekoms te staan sal kom nie. Deur blote sintuiglike waarneming kan minstens 'n aantal faktore geïdentifiseer word wat óf reeds die mens se maatskaplike funksionering bedreig, óf wat vroeër of later 'n bedreiging sal inhou. En dit is presies, in 'n neutredop saamgevat, die primêre oogmerk van die Maatskaplike Werk, naamlik om die maatskaplike funksionering van individue, groepe en gemeenskappe te bevorder (1, p.30)

Die hedendaagse samelewing word egter gekenmerk deur die voorkoms van tallose bedreigings of potensiele bedreigings vir die maatskaplike funksionering van die mensdom. Sommige hiervan is in 'n mindere of meerdere mate primêr die verantwoordelikheid van die maatskaplike werker, terwyl ander weer op die terrein van ander professies val. Terwille egter van 'n sinvolle terreinafbakening van 'n onderwerp waaroor daar sekerlik wyd biespiegel kan word, word die aandag vanaand slegs beperk tot twee praktiese fasette, naamlik relevante maatskaplike vraagstukke enersyds, en die mannekragsposisie van die maatskaplikewerk-professie andersyds. Ten slotte sal enkele beleidsgedagtes by wyse van samevatting aangestip word.

Eerstens dan, Maatskaplike Vraagstukke of Probleemverskynsels wat vir die profesie uitdagings inhou:

I MAATSKAPLIKE VRAAGSTUKKE OF PROBLEEMVERSKYNSELS

Meneer die Vise-Kanselier, die meeste vraagstukke waarmee die maatskaplike werker in die negentigerjare te doen sal kry, sal in die geheel gesien, nie wesenlik verskil van daardie soort probleme waarmee hy hom tradisioneel besig gehou het nie. Al is dit waar dat die samelewing dinamies is en voortdurend verander, verander dit nie noodwendig tén opsigte van die primêre behoeftes van die mens nie. Ons kan dus aanvaar dat die maatskaplike werker in die toekoms steeds gemoeid sal wees met kinder- en gesinsorgwerk wat as 't ware die kern vorm van hedendaagse dienslewering in Suid-Afrika. En omdat mense steeds ryphed in lewensjare sal bereik, sal bejaardesorg-

dienste, soos sorg vir die liggaamlik en geestesgestremde ook in die toekoms noodsaaklik wees. Dit moet dus aanvaar word dat probleemverskynsels soos hierdie gekom het om te bly, hoe graag ons dit ook al opgelos en uit die weg geruim wil hê. Nogtans moet ons ook aanvaar dat nuwe vraagstukke wel van tyd tot tyd hulle verskyning sal maak, of dat bestaande probleme hulle op 'n andersoortige wysê in die samelewing sal manifesteer. Aangesien hierdie tendense noodwendig 'n gewysigde aanslag verg, word daar vervolgens by enkele voorbeelde stilgestaan:

Die eerste hiervan is die hoë padsterftesyfer in Suid-Afrika:

(a) Die sterftesyfer op Suid-Afrikaanse paaie

Die ontstellende toename in die voorkoms van noodlottige ongelukke op Suid-Afrikaanse paaie gryp die verbeelding van elke verantwoordelike landsburger dáaglik aan. Dit word byvoorbeeld beraam dat meer as 178 000 mense tussen die jare 1950 en 1985 op paaie in Suid-Afrika gesterf het (2, p. 13). Dit dui op 'n gemiddelde van sowat 5 100 padsterftes per jaar. Dit word aan heelwat oorsake toegeskryf, maar "... die gebruik of misbruik van alkohol deur padgebruikers word steeds deur verkeersveiligheidskenner wêreldwyd as een van die belangrikste enkele oorsake van noodlottige motorvoertuigongelukke beskou" (3, p. 1).

Gebeure soos die voorafgaande het gelei tot die instelling van alkoholveiligheidskole in ons land. Hierdie kole ressorteer onder die beheer van die Departement Gesondheidsdienste en Welsyn: Administrasie Volksraad, en funksioneer in noue samewerking met die Departement van Justisie. Hiervolgens kan dronkbestuurders, dit wil sê persone wat motorvoertuie bestuur met 'n bloed/alkohol-konsentrasie van 0,08 gram alkohol per 100 milliliter bloed en hoër, deur die Suid-Afrikaanse howe na alkoholveiligheidskole verwys word as deel van hul vonnis.

Die doel met hierdie kole is om dronkbestuur deur middel van 'n opvoedkundige proses te bekamp. Ten einde insig en begrip by oortreders te bewerkstellig, word gepoog om houdings en gesindhede te verander, in plaas van 'n oorbeklemtoning van die strafelement. Die skuldige word verplig om oor 'n bepaalde tydsverloop 'n reeks lesings by te woon. Hierdie lesings word aangebied deur 'n multidisiplinêre span, bestaande uit psigoloë, juriste, geneeskundiges, verpleegkundiges, maatskaplike werkers en deskundiges op die

gebied van padveiligheid.

Sedert die totstandkoming van die eerste alkoholveiligheidskool in Suid-Afrika tien jaar gelede het soortgelyke ontwikkelings in die meeste groter sentra gevolg. Die jongste toevoeging was in Februarie vanjaar toe die Wes-Transvaalse Alkoholveiligheidskool op Klerksdorp gestig is. Dit was 'n stukkie ontwikkelingsgeskiedenis van ons streek waarin die PU vir CHO ook 'n aandeel gehad het en nog steeds by betrokke is.

Vandat hierdie konsep in Suid-Afrika begin posvat het, het die maatskaplikewerk-professie 'n leidende rol gespeel. Behalwe dat hierdie skole onder die leiding van maatskaplike werkers bedryf word, val die klem ook op maatskaplikewerk-navorsing. 'n Voorbeeld hiervan is navorsing wat gedurende 1986 gedoen is om die doeltreffendheid van die Skool in Kaapstad te evalueer in die bekamping van dronkbestuur in die Kaapse Skiereiland (4, pp. 1 - 339). Daar is onder andere bevind dat dié betrokke skool wel in sy doel slaag vir sover positiewe resultate behaal word met kennisvermeerdering, asook houdings- en gedragsverandering. Leemtes is egter ook geïdentifiseer, soos 'n gebrek aan 'n nasionale strategie ter voorkoming en bekamping van dronkbestuur vir die land as geheel (5, pp. 87 - 89). Heelwat instansies soos die Nasionale Verkeersveiligheidsraad en die WNNR is op die oomblik direk of indirek by hierdie probleem betrokke. Daar is selfs onlangs 'n nuwe leerstoel vir Verkeersveiligheidsopvoeding aan ons eie Universiteit ingestel, waarvan die nuwe hoof self 'n opgeleide maatskaplike werker is. As in ag geneem word dat daar ook ander instansies soos staatsdepartemente en instellings van provinsiale en plaaslike owerhede betrokke is, spreek dit vanself dat oorvleueling sal voorkom as die verskillende pogings nie gekoördineer word nie. En dis juis op hierdie terrein waar ek vir die maatskaplikewerk-professie mooi uitdagings vir die toekoms sien:

Ek voorsien naamlik betrokkenheid by *samewerking* tussen 'n groot verskeidenheid persone en instansies wat oor die grense van verskillende dissiplines heen strek. Dit sluit 'n *navorsingstaak* in wat met nuwe kennis vorendag sal kom en 'n kritiese ingesteldheid by beoefenaars sal bevorder. Dit behels egter ook 'n *opvoedingstaak* waarvolgens die breë publiek ingelig word om groter gemeenskaps-betrokkenheid te bevorder, wat as teenvoeter sal dien dat mense nie gekondisioneer word om gewoonde te raak aan 'n euwel sonder om iets daaraan te doen nie.

'n Tweede terrein, mnr. die Vise-Kanselier, waarop die maatskaplike-werk-professie in die toekoms 'n groter bydrae kan lewer, is die handel en die nywerheid:

(b) Bedryfs- Maatskaplike Werk

Bedryfs- maatskaplike werk dui op dienslewering wat ten doel het die verbetering van lewensomstandighede, en meer spesifiek die omstandighede waarin enkelinge, groepe en gemeenskappe hulle in die bedryfsituasie bevind (1, p. 5).

Daar bestaan reeds terreine in ons land waarop maatskaplike werkers vir dié doel in diens geneem word. Hoewel sommige hiervan streng gesproke nie onder die bedryf of nywerheid as sodanig geklassifiseer kan word nie, verskil die taak van die maatskaplike werker nie in wese nie. Voorbeelde hiervan is die Polisie en die Weermag, waar dit die doel is van die Maatskaplike Werk om behulpsaam te wees met die paraatheid van personeel en hulle naasbestaendes.

Maatskaplike werkers word egter ook in diens geneem deur die sogenaamde nywerheidsreuse, soos YSKOR, EVKOM en die Kamer van Mynwese. Op hierdie terreine ressorteer die maatskaplike werker nog grootliks onder die personeelafdeling van die nywerheid. Dit word egter in die vooruitsig gestel dat maatskaplike werkers, vanweë hulle bepaalde beroepstoerusting, in die toekoms meer aktief benut sal word in verhoudingsaangeleenthede tussen werkgewer en werknemer.

Die onlangse staking van mynwerkers in ons land, die grootste van sy soort in die nywerheidsgeskiedenis van Suid-Afrika, het byna drie weke lank geduur en het na raming daaglikse miljoene rande gekos. Afgesien van die ekonomiese implikasies vir die land as geheel, juis op 'n tydstip toe dit nie bekostig kon word nie, het dit ook met intimidasie, afdankings, geweld en selfs lewensverlies gepaard gegaan (6, p. 2). Gebeure soos hierdie het opnuut die vraag laat ontstaan "... of dit hier suiwer gaan om 'n beter bedeling vir werkers en of dit eintlik maar net 'n rookskerm is vir konfrontasie op politieke vlak ..." (7, p. 6). Indien dit wel die geval is, moet aanvaar word dat die werker mislei en misbruik word, en dat die brood letterlik uit die mond van sy afhanklikes geneem word, terwyl doelstellings nagejaag word wat nie in belang is van hulle welsyn nie.

Behalwe in die handel en nywerheid word maatskaplikewerkdienslewering ook in toenemende mate vir arbiëders benut op landboukundige terrein. In hierdie verband is maatskaplikewerknavorsing onlangs gedoen oor faktore wat 'n stremmende invloed uitoefen op doeltreffende plaasarbië. Verskillende probleme soos aanrandings, behuisingsprobleme, buite-egtelikheid, diefstal en verhoudingsprobleme is gerapporteer, maar die grootste enkele faktor wat uitgesonder is, is drankmisbruik. Voorts is bevind dat slegs sowat 3% van die produsente wat betrek is, geen maatskaplike probleme by hulle arbeidsmag kon identifiseer wat produktiwiteit strem nie. Hierdie bevinding is 'n goeie aanduiding van hoe algemeen hierdie soort probleem in die landbousektor voorkom (8, p. 25).

Die standpunt word soms gehuldig dat die werker summier afgedank moet word as hy ondoeltreffend funksioneer in die arbiëdsituasie. Daar is nogal begrip hiervoor, as die ongerief in ag genem word wat stakings meebring, en die ekonomiese gevolge wat met onproduktiwiteit gepaard gaan. Boere kan dus nie verkwalik word as hulle gedwing word om te meganiseer ten koste van duisende werkloosies nie. Die landboubedryf was nog altyd 'n vername bron van werkverskaffing, veral vir laag- en ongeskoolde werkers — mense wat moeilik elders 'n beroepsheenkome sal vind. In tye soos hierdie waar werk skaars is en die skepping van een enkele werkseleentheid met baie hoë koste gepaard gaan, moet dus goed besin word alvorens drasties opgetree word.

Die verlies van 'n werk is vir enige mens 'n traumatiese ervaring. Vir laag- en ongeskooldes beteken dit dikwels nie net 'n verlies aan inkomste alleen nie, maar hy verloor ook sy huis en ander voordele soos gesondheids- en opvoedkundige dienste, soms selfs sy gesinslewe, en helaas ook 'n menswaardige bestaan. Armoede en hongersnood dwing dikwels hierdie mense om na stede en dorpe te trek waar hulle hoop om 'n heenkome te vind. By gebrek aan huisvesting neem plakkery toe, en omdat werk nie bekom kan word nie, word onwettige maniere dikwels aangewend om 'n inkomste te verseker. *Dit* is onder andere een van die redes waarom misdaad in ons stede toeneem en die konsep van ordelike verstedeliking nog grootliks 'n ideaal bly.

Wanneer daar gedink word in terme van hulpverlening aan die massas, is daar een waarheid wat onder oë gesien moet word: Dit is naamlik dat vrywillige welsynsorganisasies in Suid-Afrika hoegenaamd nie oor die middele beskik om in al hierdie mense se behoeftes te

voorsien nie. Die enigste alternatief is die Staat, waar om pensioene, toelaes en ander vorme van materiële hulpverlening aangeklop word. Die Staat kan egter ook net dienste lewer sover sy inkomstebronne daarvoor voorsiening maak, sodat u en ek as belastingbetalers uiteindelik mede-verantwoordelikheid moet aanvaar vir diegene wat nie onafhanklik die mas kan opkom nie.

Teen die agtergrond van die voorafgaande sal die maatskaplike werker in die toekoms 'n breër benadering aan die dag moet lê ten opsigte van vraagstukke van hierdie aard. Klem sal nie net op die werknemer en sy gesin alleen kan val nie, maar in toenemende mate ook op die werkgewer as bron van werkverskaffing. Waar die gesonde maatskaplike funksionering van die individu en sy gesin dus nagestreef word, sal dit ook voorsiening moet maak vir groter produktiwiteit, sodat mede-verantwoordelikheid, groter bereidwilligheid en samewerking van die werkgewer verkry kan word. Voorkomingswerk is dus ook hier 'n noodsaaklikheid.

Meneer die Vise-Kanselier, die derde terrein waarby vervolgens stilgestaan word, is dié van kinder- en gesinsorg:

(c) Kinder- en Gesinsorg

Lank voordat maatskaplike werkers hier te lande opgelei is, is daar reeds 'n beweging op tou gesit wat hom beywer het vir die behoud van die gesin en die bevordering van die gesonde gesinslewe. Die ontstaan van die eerste gesinsorganisasies kan teruggevoer word na een van die bitterste tydvakke in die Suid-Afrikaanse geskiedenis. Toe die Tweede Vryheidsoorlog in 1899 uitbreek, het grootskaalse lyding en nood gevolg. Plase is verwoes, mans is na krygsgevangene-kampe weggevoer, terwyl vroue en kinders onder haglike omstandighede in konsentrasiekampe aangehou is. Gebore uit hierdie noodtoestand kom die eerste twee Afrikaanse Vroue-organisasies in 1904 tot stand, naamlik die ACVV en die SAVF (9, pp. 29 - 30). Hulle spits hulle aanvanklik toe op die versagting van die lyding wat die oorlog meegebring het en stig komitees vir noodlenigingswerk. Ook is protesvergaderings belê waar by Groot Brittanje aangedring is op die beëindiging van die oorlog en die onvoorwaardelike onafhanklikheid van die Boere-Republieke (10, p. 8).

Ná die oorlog het dié vroue-organisasies hulle besig gehou met opruimingswerk. Die land was nie alleen fisies verwoes nie, maar as gevolg van die oorlog is ook talle gebroke gesinne agtergelaat. Dit was

ook gedurende hierdie tyd dat mense bewus geword het van die hoë kindersterftesyfer in ons land en dat die kindersorgbeweging sy ontstaan gehad het. Sedert die eerste twee kindersorgverenigings in Kaapstad en Johannesburg onderskeidelik in 1908 en 1909 gestig is, het dié beweging sodanig ontwikkel dat die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Kindersorg in 1924 tot stand gekom het om as koördinerende liggaam te dien. Ook op kerklike terrein het baie organisasies tot stand gekom, sommige reeds bedrywig op die gebied van maatskaplike sorg sedert die 17de eeu.

Tans verteenwoordig die kinder- en gesinsorgbeweging 'n omvangryke netwerk van dienste wat as't ware die ruggraat vorm van die partikuliere inisiatief op die Suid-Afrikaanse welsynsterrein. Vandag, byna 'n eeu later, behoort die Anglo-Boereoorlog byna tot die vergetelheid. Ook is dit nog net die ouer geslag wat die ellende van die armblanke-vraagstuk van die dertigerjare in die herinnering kan roep. Toestande het intussen ingrypend verander met wisselende grade van voorspoed en welvaart. Danksy die Carnegie-kommissie van Onderzoek is daar ook begin met die opleiding van maatskaplike werkers, wat 'n era ingelei het van 'n wetenskaplike benadering tot maatskaplike vraagstukke (9, p. 37).

Nieteenstaande al hierdie ontwikkelings, mnr. die Vise-Kanselier, was die behoefte aan kinder- en gesinsorgdienste nog nooit in die geskiedenis van Suid-Afrika só groot soos juis nou nie. Die rede hiervoor is dat die gesinslewe nog nooit soveel aanslae moes verduur soos juis tans nie. Dié publiek word daagliks opnuut geskok deur traumatiese gebeure waarin geweldpleging en die afwesigheid van respek vir die lewe en eiendom van andere kenmerkend is. Gesinsmoorde is geen vreemde verskynsel meer in ons samelewing nie. Selfmoordpogings, in die jongste tyd selfs onder tienderjarige kinders, is blykbaar 'n tendens wat hand oor hand toeneem. Daar word ook al hoe meer berig oor die wrede wyses waarop ouers hulle kinders mishandel. Dis byna of die moderne mens se drang na selfvernietiging oor hom die oorhand kry en die tradisionele waardes en norme wat vir sedelike en morele standarde gegeld het, vandag nie meer dieselfde rol speel nie.

Die maatskaplikewerk-professie is bekommerd oor hierdie omstandighede, en daar word voortdurend probeer om vraagstukke van hierdie aard so doeltreffend as moontlik die hoof te bied. So word onder andere deurlopende aandag gegee, deur sowel die Staat as partikuliere organisasies, aan die skepping van die nodige infrastruk-

ture waardeur noodsaaklike dienste aan die gemeenskap gelewer kan word. Die behandeling van die probleem is egter nie so eenvoudig nie, omdat die sogenaamde probleem dikwels maar net die simptome van 'n dieperliggende vraagstuk is. Daarom word voortdurend gevra na oorsake, sodat rehabilitasiedienste sowel as voorkomingswerk aandag kan geniet.

In die lig van die voorafgaande bestaan daar besondere belangstelling vir die redes waarom die gesinslewe in die moderne tyd onder soveel druk verkeer. Hoewel baie oorsake 'n rol speel, lyk dit of faktore wat met geestesgesondheid verband hou, telkens op die voorgrond tree (11, p. 19). Psigoloë en ander gedragswetenskaplikes waarsku byvoorbeeld dat depressie 'n siektetoestand is wat toenemend meer slagoffers eis. Daar bestaan min twyfel dat die heersende gevoel van onsekerheid as gevolg van die ongunstige ekonomiese klimaat, die buitelandse houding jeens Suid-Afrika, politieke onrus en die huidige noodtoestand, tesame met ander faktore, almal hiertoe 'n bydrae lewer. Daarmee saam voer die deursnee-gesin, en veral die broodwinner, vandag 'n opdraende stryd op ekonomiese gebied. Benewens verpligtinge teenoor afhanklikes moet ouers ook aan die eise beantwoord wat 'n beroep en 'n werkgewer in 'n hoogs kompeterende wêreld aan hulle stel. Dit spreek vanself dat hierdie toestande spanning meebring op die huweliks- en gesinslewe en 'n invloed uitoefen op die verantwoordelike nakoming van ouerlike pligte.

Ná raming is daar gedurende 1986 'n maandelikse gemiddelde van 549 gevalle van kindermishandeling in Suid-Afrika hanteer, net deur kindersorgverenigings alleen (12, p. 1). Dit sluit nie die getalle in van ander welsynsorganisasies nie. Ongelukkig is hierdie soort statistiek egter nie 'n betroubare maatstaf van die omvang van die probleem nie, omdat dit slegs na getalle verwys wat onder welsynsorganisasies se aandag gebring word. Daar is dus ook ongetwyfeld gevalle waarvan maatskaplike werkers nooit weet nie. Om hierdie rede is gemeenskapsbetrokkenheid van die grootste belang in die doeltreffende bekämpfung en voorkoming van ewwels soos kindermishandeling. Die publiek kan die taak van die maatskaplike werker aansienlik vergemaklik deur 'n bereidwilligheid aan die dag te lê om wantoestande in die samelewing raak te sien en dit onder die aandag van welsynsorganisasies te bring. As bure en belangstellendes gewillig sou wees om 'n gees van buurmanskap aan die dag te lê en om vreesloos betrokke te raak, kan sulke tragiese gebeure betyds voorkom word.

Benewens die vrywillige welsynsorganisasie en die gemeenskap, het die Staat ook 'n groot en verantwoordelike taak. Hoewel Suid-Afrika nie 'n welsynstaat is nie, werk die Staat en die partikuliere organisasie sy aan sy op die welsynsterrein en is daar wedersydse respek en agting vir elkeen se werkgebied, sy doelstellings en sy unieke karakter. Hierdie beleidsbeginsel van vennootskap geld reeds sedert die dertigerjare in ons land.

Statutêre betrokkenheid by kindersorg het vir 'n lang periode hoofsaaklik gesentreer om die Kinderwet van 1960, wet nr. 33 van 1960. Hierdie wet het onder andere voorsiening gemaak vir 'n omskrywing van die begrip "sorgbehoewendheid", aan die hand waarvan Kinderhewe die omstandighede van kinders kon toets (13, art. 1 (xxxv)). Intussen is dié wet vervang met die Wet op Kindersorg van 1983, wet nr. 74 van 1983, wat 'n wysiging in benadering teenoor kindersorg teweeg gebring het. Daar is naamlik 'n klemverskuiwing van die sorgbehoewende omstandighede van die kind na die bevoegdheid of vermoë van die ouer om 'n kind in sy sorg te hê. Hoewel hierdie wet reeds gedurende 1983 op die wetboek geplaas is, het dit maar eers onlangs vanjaar in werking getree. In hierdie stadium word groeipyne nog ondervind, sodat wysigings in die vooruitsig gestel word om 'n meer vaartbelynde werkswyse te verseker. Onder andere word beoog om Artikel 42 van die wet te wysig sodat die verpligte aanmelding van kindermishandeling deur tandartse, genêeshere en verpleegkundiges uitgebrei word na maatskaplike werkers en onderwysers (14, p. 4). Al hierdie pogings is daarop gemik om met grôter doeltrêffendheid mishandeling en verwaarlosing by kinders teen te werk.

Soos op talle ander gebiede staan die Suid-Afrikaanse Regering voortdurend in die spervuur van kritiek, ook sover dit die lewering van welsynsdienste betref. Die Staat is byvoorbeeld verantwoordelik vir die oprigting en instandhouding van noodsaaklike inrigtings, soos plekke van veiligheid en bewaring, nywerheidskole en verbeteringskole. Met die vroeëre politieke onluste in ons land, wat onder andere gekenmerk is deur kinders wat hulle tót misdaad, intimidasie en geweld gewend het, was dit opnuut duidelik dat die bestaande fasiliteite vir dié doel onder die swart bevolking onvoldoende is. 'n Interdepartementele komitee is aangestel om maniere te ondersoek waarop die agterstand uitgewis kan word en voldoende geriewe geskep word om die groeiende probleem van jeugmisdaad aan te spreek. Omdat dit kritiek en selfs protes kon uitlok, binne- sowel as buiteland, was dit onlangs vir 'n minister nodig om 'n beroep te doen dat hierdie pogings nie verpolitiseer moet word nie. Met reg is

verklaar dat dit nie in die belang van die swart bevolking sal wees nie. Eweneens is dit ook nie in belang van 'n beskaafde volk nie, omdat die gemeenskap sekerlik nie net die reg het nie maar ook onder die verpligting staan om toe te sien dat verlore-gaande menslike potensiaal herwin moet word.

Meneer die Vise-Kanselier, ek het probeer aantoon dat die terrein van kinder- en gesinsorg in Suid-Afrika 'n wyd-uitgestrekte gebied beslaan wat dikwels as teelaarde dien vir omvattende maatskaplike vraagstukke. Ten spyte egter van die talle bedreigings waarvoor die gesin vandag te staan kom, is daar nogtans rede tot optimisme en goeie hoop: Want solank as wat die Christelike beskawing aan die Suidpunt van Afrika bly voortbestaan, sal daar altyd 'n ereplek in die samelewing toegeken word aan die gesinslewe. En dit is juis die uitdaging waarvoor die maatskaplike werker in die negentigerjare te staan kom, naamlik om ons jongmense te oortuig dat hulle, met die nodige verantwoordelikheid en toewyding, met blymoedigheid na 'n eie, gesonde gesinslewe moet strewe. Daar is in ons samelewing, wat my betref, geen alternatief vir die huwelik nie, en die veilige vesting van die gesinslewe bied nog steeds die beste tuiste vir die opvoeding van die kind, waar die grondslag gelê moet word vir 'n gebalanseerde, volwasse lewe.

Dames en here, tot sover is daar na enkele probleemverskynsels verwys. Dis maar net die spreekwoordelike druppel aan die emmer, aangesien die maatskaplike werker se dagtaak 'n veel wyer spektrum dek. Om hierdie werk egter gedaan te kry, en al die ideale wat vanaand voor oë gestel is tot uitvoer te bring, word geskikte arbeidskragte benodig. Omdat die mannekrag-situasie van die profesie egter self 'n aktuele aangeleentheid is, sal dit as sodanig ook as 'n uitdaging in die nabye toekoms hanteer moet word.

II DIE MANNEKRAGPOSISIE VAN DIE MAATSKAPLIKEWERK-PROFESSIE

Verskeie studies is al in Suid-Afrika gedoen wat daarop dui dat daar 'n tekort bestaan aan arbeidskragte vir die maatskaplikewerk-professie (15, pp. 61 - 103). Hierdie probleem getuig in die *eerste plek* van 'n kwantitatiewe tekort, dit wil sê daar is nie genoeg maatskaplike werkers om bestaande betrekkings te vul nie. Dit is afgesien van die feit dat daar ook nie genoeg poste geskep is om in die land se behoeftes te voorsien nie.

Daar is *tweedens* ook 'n kwalitatiewe tekort, in soverre 'n tekort veral ondervind word aan senior personeel wat toegerus is vir meer verantwoordelike werk wat beter opleiding, groter ervaring en meer senioriteit vereis.

Derdens weerspieël die mannekragvraagstuk die tendens dat daar ook 'n tekort aan mans vir die beroep bestaan. Na raming maak mans slegs sowat 10% van die totale arbeidsmag van die profesie in Suid-Afrika uit. Die probleem is nie dat vroue minder geskik vir die werk as mans is nie, maar eerder dat kontinuïteit in die profesie nadelig geraak word deur die getaloorwig van vroue. 'n Groot persentasie vroulike maatskaplike werkers tree in die huwelik, waarna hul loopbane vir korter of langer tydperke onderbreek word met die geboorte en grootmaak van hulle kinders. Poste raak ook dikwels vakant nadat vroue bedank, omdat hulle mans verplaas word of om ander redes elders heen verhuis.

'n *Vierde tendens* wat na vore kom uit die mannekragvraagstuk, is die besonder jeugdige ouderdom van 'n groot proporsie van die beoefenaars. Afgesien daarvan dat hierdie verskynsel dui op 'n gebrek aan lewensrypheid en -ondervinding, gaan dit ook gepaard met 'n gebrek aan praktykervaring.

Met hierdie mannekragprobleem as agtergrond is daar enkele jare gelede navorsing gedoen oor die keuse van maatskaplike werk as beroep, met die klem op voorligtingsmetodes wat in Suid-Afrika gevolg word. Daar is tóe reeds tot die gevolgtrekking gekom dat daar baie wanopvattinge oor maatskaplike werk in die samelewing bestaan, en dat dit een van die vernaamste oorsake is waarom probleme met mannekrag ondervind word. Meer as die helfte van die eerstejaarstudente in Maatskaplike Werk wat in daardie stadium aan Suid-Afrikaanse universiteite studeer het, is afgeraai om die profesie te volg. Sowat 80% van die redes wat daarvoor aangevoer is, het betrekking op die soort werk wat die maatskaplike werker doen. By nadere ondersoek was dit duidelik dat hierdie redes totaal ongeldig was en gesprek het van onkunde en wanopvattinge by die publiek (15, pp. 1 - 362).

Vroeër vanaand is daar doelbewus enkele grepe aangehaal uit die historiese agtergrond van maatskaplike werk in Suid-Afrika toe die totstandkoming geskets is van die eerste instellings wat die voorlopers was van die hedendaagse welsynsorganisasie. Daar is op gewys dat hierdie aanvoorwerk gedoen is deur vroue. Dit was vroue, omdat

mans nie in daardie stadium beskikbaar was nie weens hulle betrokkenheid by die oorlog. Die aard van die noodlenigingswerk wat destyds deur die vroue verrig is, was niks anders as 'n oorlewingstryd wat gevoer is nie. Die hulp wat verleen is, was eenvoudig, soos elementêre mediese dienste aan die maagkoorslyers in die kampe, die verskaf van kos en klere aan verhongerdes en onderdak aan diegene wie se huise en ander eiendom op die plase afgebrand is. Hierdie pogings is gebore uit naasteliefde en is op 'n vrywillige basis verrig deur onopgeleide mense, want in daardie stadium was daar nog nie so-iets soos maatskaplike werkers nie.

Uit die wanbeelde wat oor die maatskaplikewerk-professie bestaan, blyk dit dat enkele van hierdie historiese gebeurtenisse by sommige mense bly vassteek het. Dit is waarskynlik die rede waarom aan jong, voornemende beoefenaars 'n beeld voorgehou word van 'n professie wat eintlik net vir vroue gereserveer is, of waarvan die aktiwiteite primêr sentreer om liefdadigheid. Die ontwikkelings op wetenskaplike gebied, en die professionele groei wat sedert opleiding gevolg het, het klaarblyklik eenvoudig by 'n sekere deel van die samelewing verbygegaan. Miskien was *dit* die rede waarom 'n man soos dr. H.F. Verwoerd, beter bekend as staatsman en politikus, maar ook hoogleeraar in Sosiologie en Maatskaplike Werk, reeds in 1936 gemaak het dat vër-sigtigheid van die begin af aan die dag gelê moet word met die opleiding van maatskaplike werkers in hierdie land. Hy het gesê:

“Dit kan nie sterk genoeg beklemtoon word nie dat die opleidingseise aan die begin van hierdie nuwe professie redelik hoog gestel moet word en dat 'n driejarige universitêre opleiding die minste is. Mettertyd sal die eise eerder moet styg as daal ... Die hele beroep van opgeleide maatskaplike werkers kan gemaklik in diskrediet kom tot oneindige skade van die werk as die opleidingseise ... te laag gestel word.” (16, p. 26).

Dit was ongetwyfeld profetiese woorde van dr. Verwoerd hierdie. Dit het spoedig geblyk dat 'n driejarige opleiding te min was. Sedertdien is die tydperk van opleiding tot vier jaar verleng, en aanpassings word voortdurend gemaak. Gedurende 1978 is die Wet op Maatskaplike en Geassosieerde Werkers, wet nr. 110 van 1978, op die wetboek geplaas. Dit het groter professionele status vir die maatskaplike werker meegebring, omdat dit strengere eise aan die opleiding gestel het. Benewens ander bepalinge maak die wet ook voorsiening vir die instelling van 'n Raad op Maatskaplike en Geassosieerde Werkers

waarby elke praktiserende maatskaplike werker moet registreer. Voorts word bepaal dat spesifieke vakke, soos Maatskaplike Werk, Psigologie en Sosiologie tot op bepaalde vlakke aan die universiteit gevolg moet word alvorens 'n kwalifikasie in Maatskaplike Werk toegeken mag word (17, artikels 1, 15, 17 en 27).

In Januarie vanjaar het die personeel van die Departement Maatskaplike Werk aan hierdie Universiteit met 'n navorsingsprojek begin wat 'n opvolgondersoek is van dié van enkele jare gelede. Die rede hiervoor was nie net om vas te stel welke veranderings, indien enige, intussen ingetree het nie, maar ook om groter duidelikheid te verkry oor die Departement se taak en verantwoordelikheid teenoor publisiteit vir die professie, asook die werwing-en keuring van voornemende beoefenaars. Voorlopige bevindings dui reeds in hierdie stadium daarop dat die posisie rondom Maatskaplike Werk die afgelope paar jaar wel verander het. Dit bewys onder andere dat doeltreffende publisiteit, hoewel langamerhand, inderdaad die gewenste uitwerking kan hê mits dit goed beplan en doelgerig geïmplementeer word.

Meneer die Vise-Kanselier, ek wil afsluit deur ten slotte enkele gedagtes uit die voorafgaande saam te vat met die oog op 'n kort toekomsblik.

III SAMEVATTING — 'N TOEKOMSBLIK

Die Departement Maatskaplike Werk aan die PU vir CHO het 'n taak en verantwoordelikheid teenoor ons land. Sy primêre funksie is om deur middel van professionele opleiding 'n bydrae te lewer tot die maatskaplikewerkers korps in die praktyk sodat dié behoorlik toegerus is vir 'n omvattende en uitdagende taak. Hoewel daar deesdae 'n neiging bestaan om te spesialiseer, sal die opleiding op voorgraadse vlak hier generies wees, omdat die land eerder beroepslui nodig het wat die problematiek van die samelewing in sy wydste verskeidenheid op 'n breë front kan aanspreek. Die opleiding moet beantwoord aan die standaarde wat deur wetgewing neergelê word. Dit moet ook die beoefenaar in staat stel om sy of haar plek vol te staan om 'n roeping te vervul deur met die kroon van God se skepping te werk, ongeag of die afgestudeerde in diens tree van die Staat, die Kerk, die partikuliere organisasie of selfs die privaatpraktyk.

Hoewel die verantwoordelikheid hiervoor primêr op die skouers rus van die Departement Maatskaplike Werk, is dit nie uitsluitlik die geval nie en moet dit eerder gesien word as 'n interdisiplinêre spanpoging.

Die feit dat Psigologie en Sosiologie as verpligte vakke voorgeskryf word, dui daarop dat die opleiding in die nouste samewerking met hierdie twee departemente sal moet geskied. Kennis vanuit die Sielkunde is vir die student in die Maatskaplike Werk esensieel om menslike gedrag te begryp en om die werksterrein van die sielkundige te onderskei, sodat die nodige verwysings in die praktyk gemaak en in spanverband saamgewerk kan word. Daarteenoor verskaf die Sosiologie as basiese wetenskap wat hom besig hou met die bestudering van die mens in groepsverband, perspektief aan die student op die invloed wat groepe het op die denke en handeling van mense. Dit stel die voornemende beoefenaar in staat om verklarings te vind en voorspellings te maak van normale en afwykende gedrag.

Dit spreek vanself dat bogenoemde vakke nie die enigste bydrae lewer tot die afronding van die beroepsmens nie. Die maatskaplike werker kan nie behoorlik toegerus word sonder fundamentele vakfilosofiese grondslae waaruit antwoorde daagliks geput moet word op vrae na die sin van die lewe nie. Daar sal derhalwe ook gesteun word op die Filosofie, die Etiek, tale en ander basiese wetenskappe wat behulpsaam moet wees in die totale afronding van die professionele produk.

Die teoretiese opleiding van die voorgraadse student verteenwoordig ongelukkig net een sy van die saak. Die ander baie belangrike komponent het betrekking op praktykopleiding, en dit beklemtoon tot 'n groot mate die unieke karakter en eiesoortigheid van maatskaplike-werk-opleiding. Studente in sommige ander vakrigtings soos die natuurwetenskappe bevind hulle in die gunstige posisie om van laboratoria gebruik te maak. Die laboratorium vir die maatskaplike werker is die samelewing daarbuite in die wydste sin van die woord. Dit is ook die verklaring waarom maatskaplikewerk-opleiding duur is. En as die opleidingsinrigting daarby op die platteland geleë is sodat studente meer as die normale moet reis, is die opleiding selfs duurder. Om hierdie rede, en in die lig van die finansiële posisie van Universiteite in die jongste tyd, sal omvattende pogings aangewend moet word om plaaslike fasiliteite optimaal te benut. Hoewel dit nie alle reise na stede kan uitskakel nie, kan dit in die gees van rasionalisasie 'n bydrae lewer om besparing in die hand te werk sonder om gehalte in te boet.

Daar is vanaand telkens verwys na 'n mannekragtekort, en veral 'n tekort aan senior personeel wat die beroep ondervind. Dit bring mee dat die Departement Maatskaplike Werk ook moet sorg dat die ware

beeld van die professie na buite uitgedra word, wat jong mense van albei geslagte en vanuit verskillende sektore van die samelewing, se belangstelling gaande sal maak. In hierdie verband is daar reeds goeie samesamewerking met die Departement Openbare Betrekkinge van ons Universiteit. Daarbenewens benut die akademiese personeel sover as moontlik geleenthede om prakties betrokke te raak by die aktiwiteite van welsynsinstitusies in die gemeenskap. Dit voorkom nie alleen dat akademiese kontak met die werklikheid verloor nie, maar dit is ook bevorderlik vir geleenthede vir die praktykopleiding van studente. Ten slotte moet dit weer eens beklemtoon word dat dit in die belang is van hierdie professie wat nog grootliks in sy kinderskoene van ontwikkeling verkeer, dat 'n hoë prioriteit op navorsing geplaas word. Opleiding op nagraadse vlak sal dus nie alleen ten doel hê om in die vraag na senior personeel te voorsien nie, maar ook die verwerwing van nuwe kennis waaraan daar nog 'n groot behoefte bestaan.

Meneer die Vise-Kanselier, die uitdagings waarvoor daar dus te staan gekom word, is omvattend en plek-plek selfs ietwat oorweldigend. Met die hulp en bystand egter van al die betrokkenes, tesame met die krag en genade van die Skepper van alle dinge, sal dit in die gees van ons Universiteit se leuse 'n voorreë wees om ook hieraan te arbeid.

Ek bedank u almal vir u aandag.

BRONNELYS

Vaktaalkomitee vir Maatskaplike Werk: *Tweetalige Definiërende Woordeboek vir Maatskaplike Werk*, Staatsdrukker, Pretoria, 1984.

"Sterftes op Suid-Afrikaanse paaie byna soos oorlog", *Beeld*, Woensdag, 19 Augustus 1987.

PIETERSE, S.H. *Alkoholbetrokkenheid by noodlottige motorvoertuigongelukke in die RSA: 1 Januarie 1983 tot 31 Desember 1983*, Nasionale Instituut vir Vervoer- en Padnavorsing, WNNR, Suid-Afrika, September 1985.

LOUW, A.J. 1986. *Die rol en funksie van die alkoholveiligheidskool in die bekamping van dronkbestuur in die Kaapse Skiereiland*, Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch.

KOTZE, G. en LOUW, A. "Dronkbestuur in die Kaapse Skiereiland: Die rol van die alkoholveiligheidskool", *Maatskaplike Werk/Social Work*, Jg. 23, Nr. 2, Junie 1987.

"Myngeweld kos daaglik miljoene", *Die Vaderland*, Maandag, 17 Augustus 1987.

"Stakings", *Beeld*, Dinsdag 11 Augustus 1987.

KOTZE, G.J. 1981. *Die drinkpatroon van Kleurling-plaaswerkers in Wes-Kaapland: Die taak van gemeenskapswerk*, ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch.

POTGIETER, M.C. 1973. *Maatskaplike Sorg in Suid-Afrika*, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, Publikasiereeks nr. 43, Universiteitsuitgewers en -Boekhandelaars (Edms.) Bpk., Stellenbosch/Grahamstad.

LAMBRECHTS, H.C. en THERON, ERIKA. 1959. *Vroue-volksdiens: Die werk van die Afrikaanse Christelike Vrouevereniging*, HAUM, Kaapstad/Pretoria.

GILLIS, L.S. 1986. *Guidelines in Psychiatry*, Third Edition, Juta and Co. Ltd., Cape Town, Wetton and Johannesburg.

"Child abuse: the outcry and the responsibility", *Child Welfare/Kinder Sorg*, Vol. 13, No. 3, July 1987.

Die *Kinderwet* van 1960, Wet. nr. 33 van 1960.

"Mishandeling van kinders bespreek", *Beeld*, Donderdag, 27 Augustus 1987.

KOTZE G.J. 1975. *Die keuse van maatskaplike werk as beroep: 'n Ondersoek na voorligtingsmetodes in Suid-Afrika*, ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch.

THERON, ERIKA. 1970. *H.F. Verwoerd as Welsynbeplanner: 1932-1936*, Universiteitsuitgewers en -Boekhandelaars (Edms.) Bpk., Stellenbosch/Grahamstad.

Wet op Maatskaplike en Geassosieerde Werkers, Wet nr. 110 van 1978.